



## Hoërskool Lydenburg Bond van Oud-Skoliere en Onderwysers (LydenBond)

Die LydenBond word saamgestel uit:

- Oud-leerlinge van Hoërskool Lydenburg.
- Oud-onderwysers van Hoërskool Lydenburg.
- Enige ouer/ondersteuner/vriend/borg van Hoërskool Lydenburg.

Die doelwitte van LydenBond:

Die Bond vorm die raamwerk vir alle ouers/ondersteuners/vriende/onderwysers om mekaar weer te vind en ook om 'n band met die skool te behou. Die bond sal dus poog om soveel moontlik lede en oud-Lydenburgers te bereik om aan te sluit sodat die bond kan groei en almal voel hulle behoort aan iets baie besonder en spesiaal. Hoërskool Lydenburg is en was, soos die geskiedenis wys, 'n baie besonderse skool met trotse tradisies en waardes.

Ons beplan ook jaarlike funksies. Die formaat daarvan sal na goeie dinge deur die bestuur bepaal word.

Die Bond wil deur die aanwending van ledegeld, donasies en borge, die skool (Hoërskool Lydenburg) finansiële bystaan en veral op die volgende gebiede fokus:

- Skoolklere, skoolgelde, sporttoerusting en verblyfgelde vir behoeftige leerders.
- Ander belangrike finansiële prioriteite soos deur die skool voorgelê aan die Bondkomitee.
- Kapitale projekte en opgradering van die skool se fasiliteite vir alle sport en kultuur kodes van die skool.

Deursigtigheid en prioritisering sal ten alle tye die wagwoord van die komitee wees.

Ons wil ook d.m.v 'n kwartaalnuusbrief, wat ons sal e-pos, terugvoering aan bondlede gee oor die skool se prestasies.

Die doelstellings van hierdie bond is inherent om 'n verskil te maak aan Lydenburgers se lewens en om ons Alma Mater weer een van die beste skole in Suid-Afrika te maak. 'n Skool waarop die gemeenskap en elke oud-Lydenburger/vriend altyd trots sal wees.

### Lidmaatskapfooi:

R1200 per jaar of R100 per maand. Waar man en vrou wil aansluit kan korting toegestaan word. Kontak ons gerus.

Lede wat ouer as 60, of jonger as 25 is die foi R250 per jaar.

E-pos bewys van betaling aan:  
**lydenbond@lydenburghs.co.za**

### Bankbesonderhede:

Rekeningnaam:	LydenBond
Bank:	FNB
Takkode:	250655
Rekeningtipe:	Tjekrekening
Rekening nommer:	6281 3155 357
Swift kode:	FIRNZAJJ

